# Die GKSA en sy gereformeerde identiteit
## Kan dit behou word in 'n postmoderne gemeenskap?

C.J. Smit & J.M. Vorster
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: cjsmit@lantic.net
kwsjmv@puknet.puk.ac.za

**Abstract**

**The RCSA and its reformed identity. Can it be maintained in a postmodern community?**

*This article focuses on the nature of reformed identity within the Reformed Churches in South Africa (RCSA). The central theoretical argument which is to be answered in this article, is how the reformed identity of the RCSA can be preserved in a time when there is little appreciation for absolute values; a time, as a matter of fact, where relativism sets the fashion? How should the RCSA accommodate the paradigm shift from modernism to postmodernism in the process of preserving their reformed identity? Answers to these questions depend on the RCSA's experience of the paradigm shift in a changed society and their reaction towards this paradigm shift.*

## 1. Inleiding

In die laaste dekades van die tweede millennium het 'n paradigmaverskuiwing (verandering van denkraamwerk) ook in Suid-Afrika onmiskenbaar geword. Hierdie paradigmaverskuiwing behels 'n omvangryke verandering van denkwyse op die gebied van die wetenskappe, maar ook ten opsigte van die samelewing. Kortom, dit hou 'n verandering van lewenswaardes in. 'n Nuwe paradigma word nie deur 'n individu of 'n groep "geskep" nie; dit groei eerder tot rypheid binne die konteks van 'n buitengewone netwerk van verskeie sosiale en wetenskaplike faktore (Kuhn, 1970:82-84).

Op die gebied van die fisika is die verandering van die Copernicaanse paradigma na die Newtoniaanse en toe weer na die Einsteinse paradigma só groot dat eksponente van die ou paradigma nie die argumente van dié van die nuwe paradigma kan begryp nie (Kuhn, 1970:84 e.v.). By wyse van ’n beeld is dit soos iemand wat dambord op dieselfde bord speel waarop ’n ander persoon tegelykertyd skaak speel (Hiebert, 1985a:9).

Sonder om hier in te gaan op die probleme en detailverskille in interpretasie rondom die begrip *paradigma* (vgl. Küng, 1987:163; Martin, 1987:372; Van Huyssteen, 1986:66; Hiebert, 1985b:12), word die algemeen erkende feit van ’n paradigmaverskuiwing, waardeur die denkraamwerk van ons tyd onmiskenbaar verander het (Bosch, 1992: 181-189), vir die doel van hierdie artikel aanvaar. Hierby moet ’n mens natuurlik in ag neem dat die beskrywing van ’n denkraamwerk ’n abstraksie is. Niemand tree altyd geheel en al op volgens die denkpatrone wat beskryf word nie. Dit maak die abstraksie egter nie ongeldig nie. Die raamwerk is onmiskenbaar daar; dit lê in die lyne van die geskiedenis.

Die verandering van denkraamwerk het ook ingrypende implikasies vir die gereformeerde identiteit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Sal die GKSA oor ’n aantal dekades steeds ’n Skrifverankerde kerkgemeenskap wees wat die God van die Bybel as die enigste, ware God beskou, met die Bybel as sy onvervalste openbaring? Sal die lewenstyl van die GKSA steeds die geloofseenvoud en nugter waardeoordele vertoon wat ’n uitvloeisel van die sekerheid van die waarheid van God en sy Woord is?

Teen die agtergrond van ’n paradigmaverskuiwing word die probleemstelling ten grondslag van hierdie ondersoek soos volg geformuleer: *Hoe kan die GKSA sy gereformeerde identiteit behou in ’n tyd waarin absolute waardes verwerp word; ’n tyd, trouens, waar relatiwisme die botoon voer?*

Ten opsigte van die gereformeerde identiteit word die leerstellige as die fundamentele komponent gehanteer en die kerklike etos as die lewenswyse waarin die leerstellige ’n neerslag vind. Vir die doel van hierdie artikel word dié twee komponente as ’n eenheid gehanteer. Uiteraard word die probleemstelling toegespits op die GKSA se belewing en beantwoording van die veranderende denkraamwerk in die Suid-Afrikaanse samelewing met betrekking tot sy ‘leer én lewe’.

# 2. Oriëntering

## 2.1 Gereformeerde identiteit

Die gereformeerde identiteit, waarvan in hierdie artikel uitgegaan word, is 'n begrip wat deur dekades, en óók die laaste dekade, uit verskillende hoeke omlyn is.[1] Derhalwe is dit nie nodig dat hier 'n diepte-ontleding van dié begrip gegee word nie. In hierdie artikel word volstaan met die hooflyn wat uit die vermelde literatuur na vore kom. Hiervolgens is gereformeerde identiteit kortweg die wyse waarop gelowiges hulle in gehoorsaamheid aan die Skrif kenbaar maak deur hulle Skrifbeskouing, kerkbegrip en die handhawing van die gereformeerde belydenis. Voortvloeiend uit hierdie geloofshouding kom 'n kerklike etos, waarin 'n hele lewenstyl saamgetrek word, tot stand. Hierdie kerklike etos word, ondanks die immerteenwoordige sonde, in motiewe en dade, gekenmerk deur die vraag na wat die Here wil en hoe sy Woord gebied.

## 2.2 Die veranderde denkraamwerk

Vorster (1999:106-110) beskryf die verskuiwing van makroparadigmas van die begin van die jaartelling af tot in die twintigste eeu. Hy onderskei drie makroparadigmas: dié van die *premodernisme*, dié van die *modernisme* en dié van die *postmodernisme* (vgl. ook Barker, 1996:xv; Toffler, 1971, 1980 en 1990).

Die *premodernisme* duur deur die Middeleeue tot die dertiende eeu. Dit is die tyd waarin die klem val op metafisiese kragte in 'n lewe wat wentel rondom blote voortbestaan. Ook oorheers die geloofsfunksie die rede gedurende hierdie tydperk (Polak, 1958:23; Euben, 1997:430; Heelas, 1993:109; Smith, 1993:157). Hierby kan gevoeg word dat bygeloof en groepsgerigtheid bepalende faktore in hierdie tydvak is.

Hierna volg die *modernisme* wat sy wortels reeds in die Renaissance het en deur die Verligting voortstu. Die oorheersing van metafisiese kragte word deur die oorheersing van die rede vervang. Godsdiens word bevraagteken. Die mens sien homself toenemend as die bepaler van sy eie bestemming (Boas,1957:458; Cairns, 1982:444; McGrath, 1992:132). Hierby kan gevoeg word dat indiwidualisme en verstandelike prestasie nou die bepalende faktore word waaraan die mens se waarde vir die gemeenskap gemeet word.

---

1 Vergelyk Dreyer, 1998:296-302; Bos, 1998:284-287; Vorster, 1996:203-219; 1994a: 511-523; 1994b:312-324; Botha, 1995:754-765; Du Plooy, 1995:154-157; 1991:77-93; Strauss, 1994: 584-591; Van 't Spijker, 1992:995-1008; Smit, 1997:99-109; 1992:503-519; 1990:126-141; D'Assonville, 1992:734-741; Spoelstra, 1992:906-911; 1978:20-35; Coertzen, 1990:111-123.

Die derde makroparadigma, die *postmodernisme*, het deur die loop van die twintigste eeu sy volle momentum gekry. Dit is veral na die Tweede Wêreldoorlog dat die koers van hierdie paradigma duidelike vorm aanneem. Hoewel die mens 'n gewillige verbruiker is van die wetenskap en die tegnologie en wat hy daardeur tot stand gebring het, ontwikkel hy 'n verset teen die verdingliking van die mens wat 'n gevolg van dié ontwikkeling is. Die groot supersosiale strukture wat die mens tot stand gebring het, word deur homself bevraagteken, sommige strukture – soos die kommunisme – het tot 'n val gekom. Absolutistiese stelsels word gewantrou en absolute waarhede word bevraagteken. Trouens, alle vorms van absolutisme is uit, relatiwisme is in. Nie soseer godsdiens nie, maar die wyse waarop godsdiens tot uiting kom, word bevraagteken. Inderwaarheid word spiritualiteit 'n nuwe golf. Die mens het ontdek dat hy nie net in 'n verstandelik verklaarbare wêreld leef nie. Die werklikheid bestaan nie net uit wit-swart blokke nie en die probleme van die wêreld word nie net met koue logika besweer nie. Die waarheid het baie kante. Meteens word veel meer as een moontlike antwoord op dieselfde vraagstuk aanvaar (Herholdt, 1998:216, 218; Küng, 1959:771 e.v.; Vorster, 1999: 104, 105; Adam, 1995:11). Hierby kan gevoeg word dat die vraag nie meer is, soos in die modernisme, of geloof 'n geldige antwoord op die mens se lewensvraagstukke bied nie. Die vraag is nou of één bepaalde geloof noodwendig 'n geldige antwoord op die mens se lewensvraagstukke kan bied.

Die postmodernisme is die denkwêreld waarin die GKSA deur die loop van die komende dekades sal leef. Die wyse waarop die GKSA 'n postmoderne denkklimaat gaan verwerk en beantwoord, gaan bepalend wees vir die behoud van sy gereformeerde identiteit al dan nie.

## 3. Herken die postmodernisme in die samelewing – maar óók in die kerk

### 3.1 Herken die postmodernisme in die samelewing

Soos die piramides die antieke Egiptenare nie bó kon laat uitkom nie, so kon die modernistiese mens se supersosiale strukture hom nie bó laat uitkom nie. Trouens, baie van dié strukture het ingetuimel. Nou kom die postmodernistiese mens onder sy eie handewerk uitgekruip – en hy wil gesien word, gehoor word en begryp word. Hy, én sy, aanvaar nie meer die onbetwiste woord van die kerk nie.

Die GKSA bevind hom in 'n wêreld waar vryheid van denke, vryheid van spraak en menseregte belangrike uitgangspunte van die denkraamwerk vorm. Hierdie denkraamwerk lei tot die oorwaardering van die indiwidu. Nie belydenis, nie tradisie, nie die kerk word meer in die weg van die

indiwidu op mars na die volgende horison geduld nie (vgl. Vorster, 1999: 107, 111).

Grense vervaag; dit is die tyd van die eksperiment. Soos ’n mens met jou rekenaar speel, speel mense toenemend met beginsels en waardes – om dalk “toevallig” op ’n beter opsie af te kom. Ongemerk het ons ’n vervangingskultuur, ’n weggooikultuur betree. Wat inruilbaar is, behou net so lank waarde as wat sy nuttigheidsfunksie dit toelaat. Die leë plastieksakkie word met ’n vol een vervang. Die motoronderdeel met ’n defekte ratjie word in sy geheel met ’n nuwe vervang. Die oorlosie met ’n gebreekte bandjie word eenvoudig weggegooi vir ’n splinternuwe. Die klem het van “herstel” na “vervang” verskuif. Waardes wat ’n mens nie meer pas nie, word ewe maklik met ’n ander stel vervang.

Van Niekerk (1996:47) wys op ’n bekende Afrikaanse vrouetydskrif wat “’n paar waardevolle wenke” gee as jou huweliksmaat nie jou verwagtings en behoeftes bevredig nie: los hom of haar en kry vir jou een wat dit kan doen. Hy diagnoseer: “So leef ons vandag. As Suid-Afrika nie meer my behoeftes bevredig nie, emigreer ek. Die ánder maak geen appèl meer op my nie. Die indiwidu skep sy eie wêreld, soos hy of sy wil”.

Die postmodernisme bring egter ook benaderingswyses en houdings na vore wat positief waardeer moet word. Die verset teen die mag van die rede, wetenskap en tegnologie bring weer die eg menslike kwaliteite van ervaring, gevoel, die betekenis van die indiwidu en ’n wegbeweeg van wit-swart-, simplistiese reg-verkeerd-skemas na die sentrum van waarde-oordele na vore. Die fokus val toenemend op die mens self met sy voorveronderstellings, sy uitgangspunte, sy gevoel en sy spiritualiteit. ’n Nuwe belangstelling in die metafisiese bring ’n nuwe erkenning van die bestaan van God en die mens se inherente godsdienssin teweeg (vgl. Vorster,1999:104, 107, 112-115).

Ook in die wêreld van die wetenskappe wat hulle besig hou met die kosmos en die ontstaan van dinge word al hoe meer uitgegaan van die geheim van die heelal wat in ’n kosmiese kode geskryf is – waarvan die Skrywer nie rasioneel deur die mens verklaar kan word nie, maar op die een of ander wyse selfs deur agnostici erken moet word. Die heelal begin vir navorsers al hoe minder na ’n Groot Masjien lyk, en al hoe meer na ’n Groot Gedagte (vgl. Joubert, 1997:1, 6).

Natuurlik kan ’n behoorlike balansstaat van die volle konsekwensies van die verskuiwende denkraamwerk van modernisme na postmodernisme nog nie bereken word nie. Wat ons egter reeds as feitelik in die mens se belewings- en beslissingswêreld moet beskou, is die volgende:

- Absolutisme is uit. Waardes, veral dinge waarmee die kerk werk – byvoorbeeld dogmastrukture en kerklike voorskrifte – word toenemend deur die samelewing gerelativeer. Wat nie in die raamwerk van die postmodernistiese mens pas nie, ruil hy maklik in vir wat wel daar inpas.
- Spiritualiteit is in. Waar en hoe die postmodernistiese mens bevrediging vir sy inherente godsdienssin kry, is nie langer vir hom die kernvrae nie, maar slegs dat hy op 'n wyse wat hom pas, sy spiritualiteit kan uitleef.

### 3.2 Maar óók in die kerk

Madelein van Biljon (1998:64) skryf in die eerste nommer van *Finesse*, 'n tydskrif vir Christen-vroue, dat sy haar nog nooit met die leer van die Drie-eenheid kon versoen nie; ook nie dat God as Vader sy eie Seun vir haar sonde so verskriklik moes laat sterf nie. Buitendien dink sy nie dat haar persoonlike sondes in elk geval só groot is nie. Sy het in die kerk groot geword.

Willem de Klerk (1998:14) vra: "Kan dit wees dat die kerk sy eie bas wil red in arrogante selfhandhawing ten koste van God, wat op ander maniere as wat die tradisie voorhou, aan mense se harte klop?" En: "Is die Bybel werklik die volle, enigste, volledige en gesagvolle openbaring van God?" (1998:22). Hy stel verder:

> Daar is weerstand teen die kerk: teen voorskriftelikheid, kerklike taal, die kerklied, kerkbelydenis, prediking en kerklike aktiwiteite. Al die foefies wat kerkrade bedink om mense te lok, val plat. Die ampte van ouderling en diaken het so vervlak dat dit amper nie meer funksioneer nie. Die einde van die professionele dominee is ook in sig (1998:75).

Baie van hierdie gedagtes, waarin 'n postmodernistiese denkwyse verwoord word, leef in baie gelowiges, kerkmense, se harte. Om by wyse van 'n grondvlakdiagnose 'n spieël uit die kerk te laat terugkaats, kan bloot deur 'n populêre tydskrif vir vroue geblaai word. In die *Sarie* skryf "NG Predikant" (1998:70) in 'n debat oor "die kerk in krisis":

> Die tradisioneel Afrikaanse kerke is oor die algemeen oud en verweerd. Die kerk sukkel om 'n resep te kry om by die hedendaagse tydsgees, die sogenaamde postmodernisme, in te pas. Suid-Afrikaners was lank geïsoleerd van ontwikkelinge wêreldwyd. Maar nou tref dit ons soos 'n donderslag.

Die artikel gaan voort:

> As die kerk dit nie regkry om doeltreffend by hierdie nuwe neiging aan te pas nie, gaan hy oorbodig raak. 'n Mens kry klaar die indruk dat wat die kerk sê, vir die deursnee-moderne mens van nul en gener waarde is. Dié nuwe lewensbeskouing syfer deur alle lewensfasette, ook godsdiens ... Dit kom daarop neer dat die klem nie meer op die rede as die enigste toets vir die werklikheid val nie – daar word plek gemaak vir intuïsie, gevoel en 'n sensitiwiteit vir die bonatuurlike ... Dit is een rede waarom baie mense aangetrokke voel tot die charismatiese kerke en die sogenaamde New Age en Oosterse gelowe.

Verder word daar 'n pleidooi gelewer vir meer verdraagsaamheid van die kerk, en dat die kerk dieper as styl moet sny. Die leer en belydenisskrifte moet opnuut bekyk word:

> Ou waarhede moet herbesin en -interpreteer word: die gesag van die Bybel (en wat die Bybel is), wat sonde en Christenskap is, en wie God is. Ook die verhouding tussen die Christelike godsdiens en ander godsdienste ("NG Predikant", 1998:70).

Wat hierdie artikel in *Sarie* op die minste regkry, is om aan ons deur te klop: die postmodernisme is nie 'n swewende filosofie uit Europa nie: dit het volspoed in die reformatoriese kerke in Suid-Afrika posgevat, en hiervan is die GKSA nie in die minste gevrywaar nie. Dit het die paradigma van ons tyd geword.

Die vraag van hierdie ondersoek is hoe die GKSA sy gereformeerde identiteit binne dié veranderende paradigma kan handhaaf? Hoe kan die GKSA in die dekades van die een en twintigste eeu én gereformeerd én relevant vir sy gemeenskap bly? Sal dit wees deur konsekwente gereformeerde verklaring van die Skrif? Sal dit wees deur die tradisionele gereformeerde kerkbegrip te behou, én deur die gereformeerde belydenis te handhaaf?

## 4. God vir alle tye

Die kern van die antwoord lê in wat die GKSA met God en sy Woord gaan maak. Geloofsrelevansie vir die gemeenskap beteken nie die prysgawe van geloofsbeginsels nie, maar juis 'n nuwe waardering daarvan en die vermoë om dit aan die gemeenskap te "verkoop". Deurleefde gehoorsaamheid aan die Woord van God is dié primêre front vanwaar 'n verskil aan 'n gemeenskap gemaak kan word. Hierdie gemeenskap dryf los van sy godsdiensankers, maar erken tog 'n behoefte aan spiritualiteit op 'n groter verskeidenheid maniere.

- Vir 'n kultuur wat alle vorme van absolutisme verwerp, moet dié Absolute 'n werklikheid gemaak word.

- Vir ’n samelewing wat alles vervang, inruil wat klaar gebruik is, moet steeds dié Onvervangbare aangebied word.
- Vir mense wat alles wat stukkend is, weggooi, moet die Groot Heelmaker gebring word.

God vir alle tye. Maar hoe?

## 4.1 Erken en leef uit God se gesag

Baie sê dat die kerk sy rol uitgespeel het; dit is al hoe minder in aanvraag. Die verhewe gesagsinstituut is nie meer welkom in ’n postmoderne denkraamwerk nie. In hierdie opsig moet die GKSA sy antwoorde persklaar kry. Gesag mag nooit vernietig word nie, geen gemeenskap kan daarsonder bestaan nie – menslike vryheid het sy grense. Maar gesag hoef nie in bombasme, beterweterigheid en irriterende voorskriftelikheid te bestaan nie. Voldonge sinodebesluite oor sake wat gelowiges aan die hart raak en wat êrens in ’n lywige Handelinge verskuil word, is kontraproduktief. Die tyd vir kerklike gesagspel is verby. Kerklike politiek, deur die manipulasie van kerklike gesagsfigure, is onaanvaarbaar. Die kerk is juis ’n gemeenskap waarin die gesag van Christus bedien word. Daarom moet die kerke hulle verantwoord of die besluite van hulle vergaderings die Here se wil weergee, en nie soseer die kerklike instituut se mening nie. Die klem moet duidelik verplaas word van strukturele gesag na Woordgesag. Kerklike gesag bestaan slegs uit die bediening van Christus se gesag. Die gewone lidmaat wat teen die sinodebesluit die Here se wil aanvoer, verteenwoordig in die onderhawige saak dus eerder die gesag van Christus as wat die sinode dit doen. Daarom moet kerklike deputate nie agter gordyne werk nie. Oor aangeleenthede wat in die hart van die kerkvolk lê, soos die vraagstuk van die vrou in die amp, kelkies of bekers by die Nagmaalsviering, ensovoorts, moet die lidmate meegeneem word in die proses van besluitvorming deur hulle insette te verkry. Dit kán, deur voorlopige bevindinge algaande in die kerklike pers bekend te maak. Die kerkvolk wil eienaarskap in die besluitnemingsproses hê. Die algemene profeetwees, priesterskap en koningskap van die amp van die gelowige vra – in die postmoderne gemeenskap – leiding in saam-dinkprossesse, nie konfrontering en oorheersing deur voldonge besluite nie (vgl. Wuthnow, 1993:32).

Die vraag is of die GKSA deur die persepsie van die swaar kerklike kleed kan breek om ’n egte, lewende gemeenskap te bou waarin Christus deur sy Woord en Gees direk in die hart van elke gelowige regeer? Kan in die dekades wat kom, die profetiese roeping en die koninklike priesterdom van die gelowiges na vore gebring word? Kan hierdie roeping benadruk

word deur die leiding van voorgangers wat waarlik as dienaars in diens van hulle Opdraggewer staan? Saamgevat as eerste vereiste vir ons tyd, kan die volgende gestel word:

- *Minder instituut en meer gemeenskap*. Die kerk moenie op grond van sy eie gesag praat nie. Wat God sê, moet aan die woord gestel word om die postmoderne gelowige nog te raak. Lidmate moet soveel moontlik betrek word by besluitvorming oor sake wat hulle persoonlik in hulle geloofsuitlewing raak.

## 4.2 Ampsdraers as dinamiese dienaars van God

Ons kil tyd van onbetrokkenheid, vra juis na warmte, opregtheid en geloofwaardigheid. Dogmatisme, koue logika en sakrale afwysing oortuig net nie meer nie. Navorsers uit verskillende hoeke kom tot die gevolgtrekking dat 'n behoefte aan geestelikheid aan die opvlam is (vgl. Vorster, 1999:105). Uitgewers sit aan moontlike skrywers met nuwe idees om mee te help om sogenaamde "geestelike" manuskripte uit te rol. Dit is algemeen bekend dat Afrikaans nog nooit tevore skrywers met die leserstal van byvoorbeeld Solly Osrovech en Maretha Maartens opgelewer het nie.

Die gesalfde stemtoon wat gemoduleerd uit die dieptes donder en die hoogtes in klim, maak nie meer indruk op mense nie. Dit is nie meer in aanvraag nie. Die predikant wat as "man met die kleed" met professionele handigheid, afwisselend, na gelang van die geleentheid, die regte kwinkslag gereed het, of die gepaste betoon van sedigheid na vore kan toor, loop die gevaar om in hierdie tyd komiese waarde te verkry. Die sakrale houding, oordrewe belangstellend, gemaak vriendelik, aangeplak simpatiek en verhewe begrypend, wek nie vertroue nie, dit stoot eerder af (vgl. De Klerk, 1998:75, 76).

In hierdie artikel word nie 'n rigting bepleit wat die vervanging van die predikant, én die ouderlinge, én die diakens, voorstaan ten gunste van "wyksbedienaars" of" "geestelike beraders", wat die taak het om "geestelike gesprekke" te voer en om offergawes te kollekteer nie. Hier word gepleit vir die behoud van die beproefde dienste wat op grond van die Woord van God ingestel is, maar met 'n nuwe deurleefdheid. Die herder-kudde-model, as dié bedieningsmodel vir die gemeente – met nuwe perspektief op die toerustingstaak van die herder – verdien nuwe oorweging: die ou inhoude van hierdie model moet nuut en geloofwaardig na vore kom. Ouderlings- en diakenswerk moet op grond van die ou opdrag eweneens nuut belyn word. Die ouderlinge en die diakens mag nie soos aarselende figure, wat nie duidelikheid oor hulle opdrag

het nie, in die gemeente verdwyn nie. Hulle moet doelgerigte taakvervullers, voorlopers in die gemeente, wees (vgl. Vorster, 1998:31).

Die prediking en die preekstyl verdien eweneens ernstige aandag. Slaag die prediking in die GKSA om die evangelie werklik te laat grondvat in mense se lewens? Handgrepe, vindingryke truuks, populêr speel, koffiekroegpreke, beteken vir die postmoderne mens ewe min as stukke opgewarmde dogmatiek. Predikante moenie die uitsig op God versper deur Hom te probeer "versier" nie. Maar ewe min moet predikante God rasioneel in die een leerrede na die ander probeer verklaar. Eenvoudige Woordverklaring wat mense in hulle lewensomstandighede aanspreek, op die man af uit die Bybel en sonder opsmuk, geloofwaardig, kan tot die postmoderne mens spreek. Daar moet erns gemaak word met die geestelike behoeftes van gelowiges wat op soek is na 'n "geestelike ervaring" – en dit nog nie by charismatiese groepe gaan probeer vind het nie. Groter deurleefde prediking wat ook op die gevoel van mense gerig word, is op die kansels van die GKSA bekostigbaar, sonder om in die vaarwaters van blote gevoelsprediking en sentimentele opsweping te versink.

Predikante moet ook hulle gebede ernstig oordink. Geykte en mooiklinkende frases uit die oude doos wat hoofsaaklik om die modulasiewaarde daarvan geuiter word, betrek nie die hart van die gemeente nie. Sulke gebede vervreem, dit trek nie nader nie. Sulke gebede gee allermins die vlam van die ontmoeting met God. In hierdie tyd van ontpersoonliking moet mense se persoonlike behoeftes aangespreek word. God is eerstens 'n God vir mense en nie eerstens 'n God van strukture en dogmatieke nie.

Beantwoord die kategese in die GKSA aan die eise van ons tyd? Word die verbondsjeug van die gemeente werklik toegerus met borsharnasse, 'n helm op die kop en die swaard van die geloof in die hand – om hulle oor hulle geloof te kan verantwoord? Of leer hulle slegs om 'n klomp bestudeerde antwoorde te kan opsê – wat weinig vir hulle geloofsgroei beteken? Word die kinders die kans gegee om self ook te praat, om self die kwelvrae uit hulle beleweniswêreld te verwoord én om antwoorde daarop te leer formuleer – of word hulle slegs aanhoudend oor allerlei geloofswaarhede toegespreek? Word die verbondsjeug van die GKSA as die volwasse kerk van môre in staat gestel om hulle godsdiens te kommunikeer? Maar nog kommerwekkender, word in die jong harte 'n liefde vir die gereformeerde leer aangesteek? Om gereeld met die Bybel – uit liefde daarvoor – om te gaan? Moet daar nie ook 'n weeklikse (boeiende) Bybelstudie vir katkisasiekinders ingerig word nie, én gespreksgeleenthede oor geloofsake, sodat die volwasse kerk van môre

toegerus kan word om ’n Skrifverantwoorde mening te kan gee (vgl. Richards, 1970:128)?

Vir die pastorale versorging van die gemeente is daar geen beter metode as die persoonlike gesprek nie. Gereformeerdes het altyd gesê dat die krag van die Gereformeerde Kerke in die toegespitste huisbesoek lê. En dis waar, maar wat het in die praktyk hiervan geword? Het hierdie huisbesoekpraktyk nie in baie gevalle in blote formalisme verval nie (vgl. Hattingh, 1988:12, 13)? Miskien is kerkrade te gaande daaroor dat daar vir elke wyk ’n ouderling en diaken gevind moet word. Miskien word daar te min vir en saam gebid met dié wat as ouderlinge en diakens in die gemeente moet dien. Kommissies word gestuur na die broeders wat die roeping nie opvolg nie, toerustingsgeleenthede word beplan vir dié wat die roeping wel opvolg, en dit alles is goed en wel, maar is daar ooit vir dié broeders gebid dat hulle vervul sal word met die Heilige Gees?

Vir die kerkmense wat die derde millennium na Christus tegemoet snel, moet in die ampswerk en -styl ’n onweerstaanbare antwoord lê. Hulle moet dienaars van God wees wat die vertroudheid van sy nabyheid en sy sorg uitstraal. Hulle moet menslik, meelewend, die hand van God op die skouer van die vertwyfelde en die soekende laat voel. Hulle moet in geloofskrag laat hoor: hier is die Onveranderlike in jou veranderlike wêreld. Hier is sekerheid. Hier is vastigheid. Saamgevat as tweede vereiste vir ons tyd:

- *Predikante wat opnuut en toegewyd dienaars word* wat die gemeente uit God se Woord toerus.
- *Ouderlinge en diakens as doelgerigte taakvervullers* wat toegerus is om die gemeente as die liggaam van Christus kragtig te kan opbou.

### 4.3 Die liturgie moet ’n stroombaan vir die samekoms met God word

Die erediens moet tref. Die liturgie moet in sy geheel dien as die stroombaan vir die samekoms met die lewende, almagtige God. Aanbidding, verheerliking, gemeenskap moet die stukrag wees. Die elemente van waaragtigheid, feestelikheid, dankbaarheid en geestelike versterking moet in die liturgiese inkleding van die erediens tot uitdrukking kom (vgl. Vorster, 1996:205, 207, 208; GKSA, 1985:406-410).

Die postmoderne gelowige neem nie met ’n onpersoonlike, rasionalistiese, ongeïnspireerde liturgie genoeë nie. Hy/sy wil juis vanuit ’n koue, hoogs kompeterende wêreld ’n toevlug vind in die erediens. ’n Rasionele, of intellektualistiese voordrag wat deur ’n aantal vormhandelinge

van die gemeente begelei word, gaan geen merk maak nie. Die erediens moet aan die postmoderne gelowige die nabyheid van God bied. Persoonlike gemeenskap met God moet deur die Heilige Gees ervaar word. Hiertoe het die GKSA reeds 'n aantal vaartbelynde besluite geneem wat aan die Gereformeerde liturgie die moontlikheid bied om binne die raamwerk van die hoofkomponente, naamlik die Ontmoetingsdiens, die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens, die Woorddiens en die Antwoorddiens, met sinvolle variasies tot uitdrukking te kom (GKSA, 1997:741, 742-766). Inlewing in, deurlewing van en oorgegewe meelewing met 'n Gereformeerde liturgie is 'n gegewe moontlikheid. Dan moet daar ook indringend gekyk word na 'n verkorting (nie verskraling nie) en variasie van die geykte bevestigings- en sakramentsformuliere. Die styl moet minder rasionalisties wees en met meer warmte en appèl aangebied word – deur byvoorbeeld korter, treffende sinne te gebruik.

Die belangrikheid van 'n liturgie wat sin maak en boei, moenie onderskat word nie. De Klerk (1999:311) wys daarop dat dit liturgiese kwessies is wat die onmiddellike oorsaak was van die mees ingrypende kerkskeurings deur die eeue. Navorsers lig van verskeie kante dit uit dat die postmoderne gelowige skerp kritiek teen die hoofstroomkerke se liturgieë uitspreek: "… kritiek met die implikasie dat die erediens dood, koud en onpersoonlik, vreemd aan die lewe en werklikheid sou wees" (De Klerk, 1999:315).

Die aanslag van die GKSA om hulle liturgie veral in belewenis te vernuwe, moenie 'n kniebuiging in die rigting van die wêreldwye liturgiese beweging of die charismatiese beweging wees nie; dit moet ou gereformeerde inhoude met persoonlike trefkrag laai. Nie lang verduidelikings van liturgiese handelinge nie, maar kort, sinduidende plasing, treffende inkleding. Die liturgiese aktiwiteite van die gemeente moet duidelik, funksioneel en selfs ontroerend gekomponeer word – in dié mate dat dit as ritueel van die gemeenskap met die almagtige God grondliggende betekenis vir die lewensritueel deur die res van die week mag hê (De Klerk, 1999:326-328). Saamgevat as vereiste nommer drie:

- *'n Nuut deurdinkte liturgie* wat die erediens vir die gemeente 'n belewenis met God maak, sodat dit vir mense 'n vashoupunt aan die kerk bied.

## 4.4 God se kinders moet erken word

Die onpersoonlike struktuur word deur die postmoderne mens verwerp. Gelowiges soek warmte in die kerk, die behoefte is gemeenskap, erkenning. Die postmoderne mens wil "mede-eienaarskap" beleef. Gelowiges moet toegerus word om hulle taakvervulling in die kerk-

gemeenskap bevredigend uit te leef. Makrokerke waarin die indiwiduele lidmaat weinig meer as deel van die statistiek uitmaak, word ondoeltreffende "geloofsfabrieke" waar lidmate geposisioneer word as ratte in 'n masjienagtige konstruksie wat moeilik op al sy silinders aan die gang gekry kan word. Kleiner, persoonlike gemeenskappe waarin mense erkenning beleef, is die antwoord. Navorsers het telkemale gewys op die waarde van kleingroepe as 'n antwoord op die massa-tamheid van die postmoderne gelowige. Kleingroepe wat nie kerkontbindend nie, maar kerkopbouend funksioneer, dit wil sê kleingroepe waarin die gemeente nie gaan uitrafel nie, maar waardeur die gemeente opgebou word deurdat gelowiges mekaar onderling stimuleer om God beter in hulle roepingsvervulling te dien. Bybelstudiegroepe, ondersteuningsgroepe, diensgroepe, uitreikgroepe, taakgroepe kan hiertoe bydra (Oostenbrink & Lotter, 1998:1-15).

Wêreldwyd word 'n wegvloei uit die historiese kerke na die charismatiese bewegings beleef. As daar nie erns met die beweging uit die kerk uit gemaak word nie, gaan die ontdekking naderhand gemaak word dat *ons* kerk al hoe leër word en dat *dié* kerk buite êrens op mars is na die toekoms.

Die GKSA moet nuut dink oor die vrou se besondere plek in die kerk. Die sinodebesluite van 1988 het gewentel rondom die vrou in die amp en stemreg vir die vrou in die kerk. Daar is egter nie lyne getrek na die vrou se posisie in die kerk in die lig van uitsprake soos dié oor Priscilla, wat behulpsaam was met die kategese nie (Hand. 18:26; Rom. 16:3), Maria (Rom. 16:6), Trifena en Trifosa, wat in die gemeente gewerk het (Rom. 16:12), of Euodia en Sintiche, wat saamgestry het vir die evangelie (Fil. 4:2, 3) nie. So ook is die lyne nie deurgetrek na die ouer vroue wat vir die jonger vroue leraresse was (Titus 2:3, 4), die vroue wat in die gemeente gebid en geprofeteer het (1 Kor. 11:5), Febe wat 'n *diakonos* was (Rom. 16:1, 2), die weduwees wat formeel op 'n lys geplaas was vir besondere diens in die gemeente (1 Tim. 5:9), en die vroue van 1 Timoteus 3:11 wat moontlik as 'n aparte kategorie naas die diakens bepaalde dienswerk in die gemeente moes verrig nie (GKSA, 1988:514, 502-523). Vrouelidmate vra dat op nuwe wyses indringende erkenning vir hulle talente en vermoëns in die kerk gegee word.

Saamgevat as vereiste nommer vier:

- In die gemeente moet daar *'n nuut gefokusde erkenning van al God se kinders* kom, op so 'n wyse dat elke gelowige 'n plek in die groep ervaar en in die geleentheid gestel word om sy/haar bydrae te kan maak.

## 4.5 Handhaaf die Christelike godsdiens as die enigste ware godsdiens

Sedert die aanvaarding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996:7) bevind die reformatoriese kerke hulle, volgens die bepalinge van artikel 9, in die situasie dat hulle deur die owerhede gelykwaardig behandel word met ander geloofsgroepe, soos die Moslems, die Hindoes en tradisionele Afrikagodsdienste.

Al hoe meer stemme gaan in kerkgeledere op dat die groot godsdiensgroepe naas dié van die Christendom, nie sonder meer afgewys moet word nie. De Klerk (1998:43) stel dit versigtig: "Dieselfde God roer in ander godsdienste", en: "Die voetspore van die Here God word gesien in die breë ooreenkomste tussen die verskillende godsdienste" (1998:44). Aan die einde van 1999 is die Wêreldparlement van Godsdienste in Kaapstad gehuisves. Die benadering van die gelykwaardigheid van alle godsdienste versterk al hoe meer die siening waarvolgens die verskillende godsdienste as alternatiewe beskou word. Al moet ons saam met De Klerk (1998:48) bid dat ons klein-dink van die wydheid en die grootheid van God se genade ons vergewe moet word, en dat ons God se verlossingsraad nie uit sy hande moet wil neem nie, moet die GKSA onverswak op die standpunt bly staan dat hy, saam met die ander reformatoriese kerke, nie 'n alternatiewe godsdiens aan die postmoderne wêreld bied nie, maar die enigste en ware God.

Genoemde standpunt beteken nie dat godsdiensvryheid misken moet word nie. Die Bybel leer duidelik dat gelowiges uit die wêreld sou moes padgee as hulle die ongelowiges sou wou vermy (1 Kor. 5:9, 10). Terselfdertyd leer die Bybel ook dat godsdienste nie as gelykwaardig en derhalwe as alternatiewe gesien moet word nie. Juis in hierdie verband word die opdrag gegee dat gelowiges nie in dieselfde juk as ongelowiges mag trek nie (2 Kor. 6:14; Calvyn, 1972:365). Die Gereformeerde verkondiging moet geen twyfel laat oor die skriftuurlikheid van godsdiensvryheid en tegelyk die onskriftuurlikheid van godsdiensgelykwaardigheid nie. Daar is slegs één ware God (o.m. Job 38, 39; Jes. 40:12-26; Sag. 14:9; Mark. 12:29, 32; Rom. 16:27; 1 Tim. 1:17; 6:15; Jud. 1: 5). Saamgevat as vereiste nommer vyf:

- *Erken godsdiensvryheid, maar nie godsdiensgelykwaardigheid nie.*

## 4.6 Benut die postmoderne spiritualiteit

Mense het 'n behoefte om uit die hoogkonjunktuur van die chroom en ysterallooie van die tegnologie weer as 'n gevoelswese in aanmerking geneem te word. Tussen die massas van 'n verstedelikte kultuur is daar 'n diepgevoelde behoefte om raakgesien te word (ook deur God). Elkeen

wil iemand wees (ook voor God). Dit lei tot ’n nuwe spiritualiteit (die wyse hoe die mens oor sy eie geestelikheid dink en dit tot uitlewing bring), ’n nuwe openheid vir God (Houston, 1991:179-181; Vorster, 1999:114, 115).

Daar moet egter gewaak word teen ooroptimisme oor die moontlikheid van ’n godsdiensoplewing op grond van dié nuwe spiritualiteit – dit wil sê ’n oplewing in die gereformeerde betekenis. Die postmoderne mens se Godsbehoefte word, by gebrek aan vaste waardes, sterk deur sy ek-gerigtheid bepaal. Hy trek God se raad op sy eie klein, persoonlike lewetjie af en sê: God sal tog nie so iets oor my laat kom nie ... God kan dit tog nie só wil nie .... En dan maak hy van God presies dit wat in sy eie kraam pas: ’n god na sy beeld en gelykenis, ’n god wat hom moet gelykgee in die benadering van *everything goes*. Hoewel die postmodernisme dus nie ’n godsdiensoplewing sonder meer belowe nie, en hoewel hierdie spiritualiteit steeds die stem van die postmoderne mens laat hoor: *what’s in it for me?,* word ’n diep onderliggende behoefte aan God tog hierin kenbaar. Hierdie behoefte aan God lê in die hedendaagse mens se verlange na vastigheid en sekerheid in die relatiewe werklikheid wat hy vir homself geskep het: ’n werklikheid van gerelativeerde waardes en norme.

Om as ’t ware “missiologies” op die nuwe spiritualiteit in te werk, moet die kerk se vertrekpunt nie primêr die leer van die kerk wees nie, maar die boodskap van God wat my versorg, my verlos, my bewaar. Vanuit hierdie persoonlik gerigte boodskap moet deurgedring word na die vastigheid en sekerheid wat die gereformeerde leer bied: persoonlike verlossing, ja, maar nie eerstens omdat ek ék is nie, wel omdat Hy Hý is. Uiteindelik is die enigste blywende spoor wat in die postmoderne spiritualiteit gelê moet word die persoonlike ombuig na die vastigheid en sekerheid van ’n God wat omgee – ’n sekerheid waaruit nuwe sin in die lewe blyk. Saamgevat as vereiste nommer ses:

- *Die GKSA moet die nuwe spiritualiteit van die postmoderne mens in sy midde en in sy gemeenskap in ag neem* en die momentum daarvan vir die verkondiging van die evangelie ten beste benut. Die leer van die kerk moet in die verkondiging verpak word binne ’n benadering van persoonlike koestering deur die Gees en Woord.

## 5. Knooppunt: onderskei waarop dit aankom

Hierdie artikel bepleit nie ’n verwatering van die gereformeerde identiteit met die doel om dit te behou, of kompromieë om dit “aanvaarbaar” te maak nie. Hierdie artikel bepleit wel die erkenning van die realiteite van die werklikheid na 2000. Die wyse waarop die waarde van Skrifbeginsels

tuisgebring en eie-goed gemaak moet word, moet nuut bekyk word – nie deur allerlei kunsgrepe in die Woordbediening, liturgie en pastoraat nie, maar op verbeeldingryke, geloofsverankerde, oorredende, kommunikatief verantwoorde maniere. Die GKSA moet daarvan werk maak om die ou wyn in nuwe leersakke voort te dra, die derde millennium in – dit is die enigste manier om met behoud van die gereformeerde identiteit relevant vir die postmodernistiese gemeenskap te bly.

Die sluitsteen van wat hier gesê is, kom op hierdie Bybelwoord neer: *onderskei waarop dit aankom* (vgl. Fil. 1:10). Die weerstand teen die kerk in voorskriftelikheid, dogmatisme, kerklike taal, kerksang, kerklike belydenis, prediking, formalisme in die ampswerk, en ’n groot gros kerklike aktiwiteite moet erken word en moet relevant beantwoord word (vgl. De Klerk, 1998:75). Die antwoord op die probleemstelling wat hier belig word, is dat wat werklik beginsel is, onverswak behou moet word, maar dat dit met insig in die gees van die tyd “verkoopbaar” gemaak moet word. Toepassing, gebruik, sede en kerklike tradisie moet, waar dit nodig is, aangepas of verander word – met die doel om te verdiep (vgl. De Klerk, 1999:315-320). Om ’n trein in ’n ander koers te stuur, moet jy nie stompe op die trajek rol nie, maar jy moet leer om die sinjale te hanteer.

Konkreet: die massa jongmense wat postmodernisties in ’n saamslaapkultuur ’n stilswyend-aanvaarbare praktyk vind, praktiserende *gay*-mense wat ook hulle geloof as deel van die kerk wil uitleef, duisende (ook “kerkmense”) wat hulle antwoorde vind in die dobbelhuise wat soos paddastoele opspring, moenie deur die kerk met ’n wegkyk en ophaal van die skouer bloot geakkommodeer word nie. Die Skriflyne moet, nie wegwerend en afwysend nie, maar liefdevol-pleitend en nadertrekkend deurgetrek word, met insig in die tydsgees, maar met die ferm behoud van die Skrifbeginsels.

Twiste in kerkgeledere oor wie die kerkleer die suiwerste bewaar, verwarring van metodiese gebruiksaangeleenthede met beginseluitgangspunte soos in die kelkie-beker-debat, misbruik van die kerk vir politieke stukrag, kan op die lange duur kerkskeurende gevolge hê. Verskilpunte moet in hulle konteks en binne hulle werklike omvang gesien word, en dit moet uitgepraat word. Verskille wat kan bestaan, en wat soms nodig is om te bestaan, moenie buite hulle werklike betekenis opgeblaas word nie. Is bepaalde liturgiese gebruike, óók die gebruik van bekers of kelkies by die Nagmaal, werklik bepalend vir die wese van die kerk, vir sy voortbestaan of vir kerkeenheid? Daar moet ruimte wees vir middelmatige sake, het Calvyn (1991:4.10.30, 32) al gewaarsku.

Die groot oplewing wat charismatiese kerke wêreldwyd deur die loop van die laaste dekades van die twintigste eeu gemaak het, moenie ge-

reformeerdes verlei om ’n buiging na die charismatiese beweging te maak nie. Dit sou afskeid aan die gereformeerde identiteit beteken. Buitendien lê die GKSA se groeibodem buite hierdie sfeer: eerder die nugter geloofsbenadering as die emosionele of die sentimentele geld binne die GKSA. Daar sal steeds gelowiges wees wat hulle in die gereformeerde geloofsbenadering tuisvoel. En dit is dié benadering wat ’n antwoord vir die postmodernisme in die kerk en in die samelewing kan bied.

## 6. Slot

God bepaal die tye, Hy hou die toekoms in sy hand. Gereformeerdes ken Hom deur sy Gees en sy Woord – en dien Hom deur sy Gees en sy Woord. Laat dit ’n gebed in die hart van die GKSA wees: as die mense se uitkyk verander, en mense van God se uitkyk óók verander, verander dan só om al hoe meer die beeld van God as lewende lidmate van sy kerk te toon.

## Bibliografie


ADAM, A.K.M. 1995. What is postmodern Biblical criticism? Mineapolis : Fortress.

BARKER, S. 1996. Signs of change. Premodern – modern – postmodern. Albany : State University of New York Press.

BOAS, G. 1957. Dominant themes of modern philosophy. New York : Ronald Press.

BOS, G. 1998. Het hart van de kerk. *Hervormde Teologiese Studies*, 54(1 & 2):264-288, Mrt. en Junie.

BOSCH, D.J. 1992. Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission. New York : Orbis Books.

BOTHA, S.J. 1995. Kerkbegrip en kerkorde. *Hervormde Teologiese Studies*, 51(3):753-770, Sept.

CAIRNS, E.E. 1982. Christianity through the centuries. A history of the Christian church. Grand Rapids : Zondervan.

CALVYN, J. 1972. Uitlegging op de Zendbrieven: Corinthiërs. 2de dr. (Vertaling deur Donner, A.M.). Goudriaan : De Groot.

CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike godsdiens. (Vertaal deur Simpson, H.W.) Potchefstroom : CJBF.

COERTZEN, P. 1990. Kerkordelike grense vir die kerk. (*In* Du Toit, H. & Kruger, P., *reds*. Geroep tot eenheid. Halfway House : NGKB. p. 111-125.)

D’ASSONVILLE, V.E. 1992. Die ware en valse kerk volgens artikels 28 en 29 van die NGB. *Hervormde Teologiese Studies*, 48(3 & 4):731-742, Sept. & Nov.

DE KLERK, B.J. 1999. Vaartversnelling vra verdieping van ons liturgie*. In die Skriflig,* 33(3): 311-330, Sept.

DE KLERK, W. 1998. Die vreemde God en sy mense. Kaapstad : Human & Rousseau.

DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.1996. Wet 108 van 1996.

DREYER, T.F.J. 1998. Spiritualiteit, identiteit en die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk. *Hervormde Teologiese Studies*, 54(1 & 2):289-314, Mrt. & Junie.

DU PLOOY, A. le R. 1991. Die aard en gesag van die binding aan die belydenisskrifte. *In die Skriflig,* 25(1):71-95, Mrt.

DU PLOOY, A. le R. 1995. Die grondslag en relevansie van die gereformeerde kerkreg as teologiese wetenskap. *In die Skriflig,* 29(1 & 2):135-159, Mrt. & Junie.

EUBEN, R.L. 1997. Premodern, antimodern or postmodern? Islamic and Western critiques of modernity. *The Review of Politics*, 59(2):429-459, June.

GKSA
*Kyk* GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Handelinge van die twee en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1988. Handelinge van die drie en veertigste Nasionale Sinode . Potchefstroom : Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1997. Handelinge van die ses en veertigste Nasionale Sinode. Pretoria : V & R Drukkery.

HATTINGH, C. 1988. Of gemeenskap met God, of formalisme – vir Bybelstudie en toerusting van ouderlinge en diakens. Pretoria : V & R Drukkery.

HEELAS, P. 1993. The New Age in cultural context: the premodern, the modern and the post-modern. *Religion*, 23:103-116.

HERHOLDT, M.D. 1998. Postmodern theology. (*In* Maimela, S. & König, A., *eds.* Initiation into theology. The rich variety of theology and hermeneutics. Pretoria : Van Schaik. p. 215-239.)

HIEBERT, P. 1985a. Epistemological foundations for science and theology. *Theological Students Fellowship Bulletin*: 5-10, March.

HIEBERT, P. 1985b. The missiological implications of an epistemological shift. *Theological Students Fellowship Bulletin*: 12-18, May-June.

HOUSTON, J.M. 1991. Spiritual life today: An appropriate spirituality for a postmodern world. (*In* Eden, M. & Wells, D.F., *eds.* The Gospel in the modern world. Leicester : InterVarsity Press. p. 179-187.)

JOUBERT, G. 1997. Die groot gedagte. Kaapstad : Tafelberg.

KUHN, T.S. 1970. The structure of scientific revolutions. Chicago : University of Chicago Press.

KÜNG, H. 1987. Theologie im Aufbruch: Eine ökumenische Grundlegung. Münich : Piper Verlag.

KÜNG, H. 1959. Christianity. Its essence and history. London : SCM Press.

MARTIN, J.P. 1987. Towards a post-critical paradigm. *New Testament Studies*, 33:370-385.

McGRATH, A.E. 1992. Bridge building. Effective Christian apolegetics. Leicester : InterVarsity Press.

“NG PREDIKANT”. 1998. Kerk in krisis? *Sarie:* 70, Jul. 29.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 1998. Kleingroepe ter fasilitering van spiritualiteit in die kerk. *In die Skriflig*, 32(1):1-18, Mrt.

POLAK, F.L. 1958. De toekomst is verleden tijd, ’n cultuur-futuristische verkenning. Zeist : De Haan.

RICHARDS, L.O. 1970. Creative Bible teaching. Chicago : Moody Press.

SMIT, C.J. 1990. Weerwoord: Die grense van die kerk. (*In* Du Toit, H. & Kruger, P., *reds*. Geroep tot eenheid. Halfway House : NGKB. p.126-142.)

SMIT, C.J. 1992. Kerkregering as ’n geestelike regeringswyse. *In die Skriflig*, 26(4):503-521, Des.

SMIT, C.J. 1997. A governing of the heart: Mainly as seen by John Calvin. (*In* Neuser, W.H. & Selderhuis, H.J., *eds*. Ordenlich und Fruchtbar – Festschrift für Willem van 't Spijker. Leiden : Groen. p. 99-109.)

SMITH, D. 1993. The premodern and the postmodern: Some parallels, with special reference to Hinduism. *Religion,* 23:157-165.

SPOELSTRA, B. 1978. Calvyn en die grens van die kerk. *In die Skriflig,* 45(12):20-37, Mrt.

SPOELSTRA, B. 1992. Op soek na 'n duidelike reformatoriese paradigma vir kerklike gesag. *Hervormde Teologiese Studies*, 48(3&4):901-921, Sept. & Nov.

STRAUSS, P.J. 1994. Kerklike sake, die kerk en die koninkryk van God. *In die Skriflig*, 28(4):581-592, Des.

TOFFLER, A. 1971. Future shock. London : Pan Books.

TOFFLER, A. 1980. The third wave. London : Welham Collins.

TOFFLER, A. 1990. Powershif: knowledge, wealth and violence at the edge of the 21st Century. New York : Bantam Books.

VAN BILJON, M. 1998. Ongeloof. *Finesse:* 64, Mei.

VAN HUYSSTEEN, W. 1986. Teologie as kritiese geloofsverantwoording: Teologievorming in die Sistematiese Teologie. Pretoria : Human Sciences Research Council.

VAN NIEKERK, A. 1996. Anderkant die reënboog. Kaapstad : Tafelberg.

VAN 'T SPIJKER, W. 1992. Rechtvaardiging en recht in de kerk: Over de theologische achtergronden van het gereformeerde kerkrecht. *Hervormde Teologiese Studies,* 48(3&4):995-1011.

VORSTER, J.M. 1994a. Kerkvernuwing in die lig van Bybelse begrippe vir die kerk. *In die Skriflig,* 28(4):509-525, Des.

VORSTER, J.M. 1994b. Die kerk in 'n nuwe konteks. *In die Skriflig*, 28(3):309-327, Sept.

VORSTER, J.M. 1996. Vernuwing in die Gereformeerde erediens. *In die Skriflig*, 30(2):203-221, Junie.

VORSTER, J.M. 1998. Die toerustingstaak van die Gereformeerde predikant: 'n Praktiese bedieningsmodel. *In die Skriflig*, 32(1):19-35, Mrt.

VORSTER, J.M. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. *In die Skriflig*, 33(1):99-119, Mrt.

WUTHNOW, R. 1993. Christianity in the twenty-first century. Reflections on the challenges ahead. Oxford : Oxford University Press.

**Kernbegrippe:**

Absolutisme
gereformeerde identiteit
godsdiensvryheid
nuut deurdinkte liturgie
postmodernisme (in die kerk en samelewing)
spiritualiteit

**Key concepts:**

absolutism
newly considered liturgy
postmodernism (within church and society)
Reformed identity

religious freedom
spirituality